19. Die Loofhuttefees

Lukas 10: 1 - 24; Johannes 7: 1 tot 9: 41

Jesus se werk is tweesnydend

Vir baie mense is Jesus se prediking 'n steen des aanstoots. Vir die wat deur God uitverkies is, is dit die boodskap van verlossing en skuldvergewing. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Jesus gaan die hoogmoedige Fariseërs verby en maak God se heilsplan aan eenvoudige mense bekend.
- Vir hulle wat nie in Jesus glo nie, is sy prediking 'n bron van ergernis.
- Vir die gelowiges is die Here se prediking 'n bron van groot vreugde.

Jesus stuur sewentig dissipels uit

Op die reis na Jerusalem stuur die Here 70 dissipels voor Hom uit na elke stad en plek waar Hy later ook sal kom. Hulle is gewone leerlinge van die Here, die twaalf dissipels is nie saam nie. Hulle moet ook die evangelie verkondig en twee-twee reis, soos die twaalf dissipels vroeër moes doen.

Aan die getal 70 moet betekenis geheg word. Net soos die getal 12 na die twaalf stamme van Israel verwys en dus die simboliese getal is van wat Israel voorstel, verwys die getal 70 na die 70 oudstes wat Moses moes aanstel as regters en opsigters oor die volk.

Terwyl die Here aan die 70 sy bevele gee, verwys Hy ook na die stede van Galilea wat Hom verwerp het. Hy spreek 'n oordeel uit oor Gorasin en Betsaida, want as in Tirus en Sidon die kragtige dade plaasgevind het wat in hulle plaasgevind het, sou die mense lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het. So ook Kapernaum, waar die mense die woord van die Here gehoor het, maar nie daarna geluister het nie; gevolglik sal hulle swaarder geoordeel word.

Die sewentig dissipels keer terug

Die 70 kom met blydskap terug en sê vir die Here, dat die duiwels hulle ook onderwerp in sy Naam. Oor hierdie berigte is Jesus vol dankbaarheid. Hy verklaar dat Hy Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val het.[152] Die werk van die 70 dra by tot die val van Satan.[153] Satan is besig om die stryd te verloor. Jesus self sal hom finaal oorwin.

Satan sal nog wel geweldig sterk wees op aarde, maar die gelowiges hoef nie te vrees nie. Aan hulle word die mag gegee om "op slange en skerpioene te trap", dit wil sê om oor al die sataniese magte, in watter verskyningsvorme ook al, te triomfeer. Ook sal niks hulle ooit kan skade doen nie omdat God hulle sal bewaar.[154]

Maar Jesus waarsku hulle om nie bly te wees dat die geeste aan hulle onderworpe is nie, maar hulle moet bly wees dat hul name in die hemel opgeskryf is.[155]

Lof aan die Vader

Met blydskap loof Jesus sy Vader, die God van hemel en aarde, dat Hy hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het. Want dit is die Vader se welbehae. Alles is aan Jesus Christus oorgegee deur sy Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. Jesus nooi almal wat vermoeid en belas is na Hom toe. By Hom sal hulle rus vind. Hulle moet sy juk opneem en van Hom leer, want Hy is sagmoedig en nederig van hart, en sy juk is sag en sy las is lig.

---

152 Op. 12: 9 — En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

153 Op. 12: 11 — En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

154 Op. 3: 10 — Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

155 Heb. 12: 22 en 23 — Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,

Nadat Hy God weereens in Judea loof vir sy wonderlike dade, draai Hy om na die dissipels wat al sy werke gesien het, en Hy verklaar hulle salig omdat hulle oë gesien het wat min mense gesien het. Baie konings en profete uit die Ou Testament het uitgesien na die koms van die Messias, maar hulle het dit nie beleef nie. Nou het dit die voorreg van die dissipels geword. Daarom is hulle die begenadigdes van die Here en Hy noem hulle geluksalig.

Die Loofhuttefees

Die Huttefees is 'n besondere geleentheid in die Joodse volkslewe. Oorspronklik is dit ingestel om die deurtog deur die woestyn in dankbare herinnering te hou.[156] Dan moet hulle sewe dae lank in hutte woon wat van palm- en ander takke gemaak is. Die fees is ook as 'n dank- of oesfees gevier, want teen dié tyd was die oes heeltemal ingesamel. Verder bid die volk gedurende die fees in besonder om reën vir die nuwe seisoen. In die vroeë geskiedenis van Israel het die Huttefees in onbruik geraak, maar ná die ballingskap is dit weer ingestel, en is dit 'n hoogtepunt in die Joodse jaar. In die sewende maand, Tisjri (Oktober) word dit gevier, vyf dae ná die Groot Versoendag. Dit duur sewe dae, waarin offers gebring word en vrolik feesgevier word met gesang, musiek en fakkeldanse, terwyl heelwat geëet en gedrink word.

Jesus op die fees

Tydens hierdie fees kom die volk in Jerusalem in opstand teen die Romeinse goewerneur, Pontius Pilatus. Hulle kan maar nie aan die harde juk van Rome gewoond raak nie, en veral die Galileërs kom in opstand. Pilatus laat egter die opstand bloedig onderdruk. Die opstandige Galileërs was nog besig met hul offers op die tempelplein, toe die soldate hulle oorval en hul bloed met die bloed van hul offers meng.

Die volk is verslae en moedeloos, en baie van hulle begin nou opsien na Jesus. Sal Hy nie miskien nou na vore kom en sy koninkryk oprig nie? Dit is nog hulle laaste hoop. Hulle begin na Hom vra en na Hom soek, maar Hy is nog nie op die fees nie. Baie vra hulle af of Hy sal kom.

Toe dit ongeveer die vierde dag van die fees was, kom Jesus in die tempel aan en begin om daar te leer soos Hy tydens sy vorige besoek ook gedoen het. Sy prediking maak 'n diepe indruk op almal, selfs op sy teenstanders.

156 Deut. 16: 13 Die huttefees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou.

Hulle is egter nie bereid om sy uitnemendheid bo die rabbi's te erken nie en begin dus vrae stel oor sy opleiding en herkoms.

Die Fariseërs en owerpriesters probeer Jesus gevange neem

Aangesien die Jode met argumente niks teen Jesus vermag nie, begin hulle aan geweld dink. Hulle probeer om Hom te vang, en tog waag niemand dit om die hand aan Hom te slaan nie. Hy bly deur God beskerm omdat sy uur nog nie gekom het nie. Die skare is geneë om Jesus se kant te kies. Om 'n einde daaraan te maak, stuur die Fariseërs en owerpriesters tempelwagte om Hom gevange te neem. Maar ook hulle bly eers staan om na sy woorde te luister.

Dan verklaar Jesus dat Hy nog net 'n kort tydjie by hulle sal wees. Daarna sal Hy na sy Vader gaan wat Hom gestuur het. Die Jode sal Hom soek maar nie vind nie, omdat hulle nie kan kom waar Hy is nie. Van die bedoeling van hierdie profetiese woorde het die Jode niks begryp nie. Hulle begin daarmee spot deur te vra of Hy dan nou die Joodse land gaan verlaat om na die Grieksprekende Jode in die verstrooiing te gaan, of na die Grieke self. Min weet hulle dat hulle in die spot 'n waar woord spreek. Nog binne die leeftyd van die meeste van hulle sal die evangelie van Christus uitgedra word na die hele Grieksprekende wêreld.

Die fontein van die lewe

Die laaste en grootste dag van die fees het aangebreek. Vroeg in die môre is daar al 'n groot menigte by die tempel vergader. 'n Groep priesters, gevolg deur 'n groot deel van die volk, gaan in 'n optog na die fontein van Siloam. Een van die priesters vul 'n goue kruik met water en dan kom die optog terug na die tempel. Onder trompetgeskal word die water deur die priester by die altaar uitgegooi. Daarop lees iemand uit die boekrol van Jesaja voor.[157] Vir die Jode is die groot betekenis van die water uit die goue kruik die herinnering aan die water uit die rots in die woestyn.

Op die laaste dag, toe die water by die altaar uitgegooi word, roep Jesus uit dat iemand wat dors het, na Hom toe moet kom en drink! Want die Skrif sê dat strome van lewende water uit die binnenste sal vloei van hom wat in

157 Jes. 12: 3 En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil.

Jesus glo.[158] Mense wat uit die ware Fontein van heil drink, sal self fonteine word, want die Heilige Gees maak sulke mense tot 'n lig en 'n seën in die wêreld.

Toe Jesus van die strome van lewende water praat, begryp selfs die dissipels nie dat Hy na die Heilige Gees verwys nie. Indien sy woorde hulle aan die profesie van Jesaja herinner het,[159] sou hulle waarskynlik begryp het dat Hy van die Heilige Gees gepraat het. Dit is egter eers nadat Jesus in heerlikheid opgeneem is, en die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is, dat hulle begryp dat Jesus daar by die Huttefees in die tempel na die uitstorting van die Heilige Gees en sy inwoning in die hart van die gelowige verwys het.

Die hoogmoed van die Fariseërs

Daar kom toe tweedrag onder die skare oor Jesus. Selfs die dienaars van die Fariseërs wat gekom het om Hom te vang, was só onder die indruk van sy woorde, dat hulle nie die moed het om die hande aan Hom te slaan nie. Woedend vra die Fariseërs waarom hulle Hom nie gebring het nie. Die dienaars antwoord dat geen mens nog ooit so gespreek het soos hierdie mens nie. Die Fariseërs sê dat hulle mislei is, want niemand uit die owerstes of die Fariseërs glo in Hom nie. Hulle beweer dat die skare wat die wet nie ken nie, vervloek is. Hoe vreeslik hoogmoedig is die Fariseërs nie!

Onder die lede van die Sanhedrin is daar een man wat tot versigtigheid maan. Dit is Nikodemus wat in die nag na Jesus gekom het. Hy betuig nie openlik sy simpatie met Jesus nie, maar wys daarop dat dit nie geoorloof is om tot geweld oor te gaan alvorens iemand aangekla en verhoor is nie.[160] Die erkende regsbeginsels moet tog gehandhaaf word. Die Jode wil egter na geen rede luister nie. Nikodemus word beledigend uitgejou as 'n Galileër. Weet hy dan nie dat Galilea nog nooit 'n profeet opgelewer het nie?

Hierdie laaste bewering is onwaar. Jona was uit Galilea, en moontlik ook Elía en Hosea en Nahum. Vir diegene wat hulle so beywer om die waarheid te handhaaf, is die waarheid nou nie meer van belang nie. Die haat teen Jesus oorheers hul denke en dade.

---

158 Joh. 4: 10 Jesus antwoord en sê vir haar: As jy die gawe van God geken het en geweet het wie Hy is wat vir jou sê: Gee vir My water om te drink, sou jy Hom gevra het en Hy sou vir jou lewende water gegee het.

159 Jes. 44: 3 Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.

160 Deut. 1: 17 Julle mag in die gereg nie partydig wees nie; julle moet klein sowel as groot aanhoor; julle mag niemand ontsien nie, want die gereg is die saak van God. Maar die saak wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring, en ek sal dit in verhoor neem.

Die owerspelige vrou

Die Here bring die nag op die Olyfberg deur, maar vroeg in die môre is hy weer in die tempel, besig om die volk te leer. Ineens word sy rustige gesprek deur 'n rumoer onderbreek. Daar kom 'n groep Fariseërs aan met 'n vrou wat hulle op 'n daad van egbreuk betrap het. Hulle weet dat die Here bekend is as 'n vriend van sondaars, en nou wil hulle Hom betrap op 'n oortreding van die wet van Moses.

Die wet van Moses bepaal dat 'n owerspelige vrou gestenig moet word.[161] Skynheilig staan hulle in 'n kring om Hom met die vrou tussen hulle. Dan span hulle listig hul strik: hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap en volgens die wet van Moses moet sulke vroue gestenig word. Maar wat sê Hy? Die Here sien hul haatlike doel. Hy bly stil, Hy buk en skryf met sy vinger op die grond. Hulle dink Hy is nou in 'n hoek, Hy is nou vasgevang. Nog sterker dring hulle aan dat Hy moet antwoord. Eindelik rig die Here Hom op en sê dat die een van hulle wat sonder sonde is, die eerste klip op haar moet gooi.

Die wet bepaal dat wanneer iemand gestenig moet word, die eerste getuie wat die misdaad aangewys het, ook die eerste klip moet gooi. Hierin bring Jesus 'n geringe wysiging deur te sê dat dié een wat sonder sonde is, die eerste klip moet gooi.[162]

Nou word die Fariseërs stil. Hul gewete kla hulle aan en stilletjies verdwyn hulle een vir een. Intussen het die Here weer gebuk. Toe Hy Hom eindelik weer oprig, is al die Fariseërs weg. Net die vrou staan nog daar. Hy vra vir haar waar haar beskuldigers nou is. Het niemand haar veroordeel nie? Sy antwoord ontkennend en Jesus sê vir haar dat Hy haar ook nie veroordeel nie. Hy stuur haar huis toe met die vermaning om nie meer te sondig nie.

Daarmee het Jesus nie die leefwyse van die vrou of haar daad goedgekeur nie. Sonde bly sonde. Maar in sy groot ontferming vergewe die Here hierdie vrou en gee Hy aan haar 'n nuwe kans in die lewe. Maar op een voorwaarde: sy moet nie weer sondig nie. Noudat sy Jesus leer ken het as die Een wat die sonde vergewe, moet sy ook 'n nuwe lewe begin waarin die sonde nie langer oor haar heers nie.

---

161 Deut. 22: 22 As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, moet hulle altwee sterwe: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het, en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei.

162 Deut. 17: 7 Die hand van die getuies moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, en daarna die hand van die hele volk. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.

Jesus die lig van die wêreld

Nog tydens die Huttefees of kort daarna het Jesus verskillende gesprekke gevoer waarin Hy sy goddelike sending aan die Jode probeer bekend maak. Die mense wil egter die woorde van die Here nie aanvaar nie, en die voorneme om Hom gevange te neem, word sterker.

Tydens die Loofhuttefees is die tempelplein in die aande met groot lampe verlig. Dit moet vir die volk dien as 'n herinnering aan die vuurkolom wat snags hulle pad in die woestyn verlig het. So is God nog steeds by sy volk.

By hierdie geleentheid sê die Here Jesus vir hulle dat Hy die lig van die wêreld is; wie Hom volg sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê. Die Jode verwerp Hom egter as die lig van die wêreld. Hulle sê Hy getuig van Homself. Daarom beklemtoon Jesus: Ek getuig. Ek weet, Ek het uitgegaan, en Ek en die Vader getuig van My. Vir elkeen wat God die Vader ken, behoort dit afdoende bewys te wees. Ten spyte van al hulle aansprake ken die Jode nie die Vader nie.

Die ware kinders van Abraham

Die Jode volhard in die aanspraak dat hulle kinders van Abraham is en daarom kinders van God. Jesus wys egter daarop dat hulle besig is met planne om Hom dood te maak, terwyl Hy deur die Vader gestuur is. So iets sal die ware kinders van Abraham nie doen nie. Abraham het die woord van God as waarheid aanvaar, en die egte kinders van Abraham doen dit ook. Maar die Jode verwerp die woord van God wat Jesus tot hulle spreek. Daarom is hulle nie kinders van Abraham nie maar van die duiwel,[163] die vader van die leuen. Die feit dat hulle Hom wil doodmaak, bewys ook dat hulle kinders van die duiwel, die mensemoordenaar, is.

Hierop val hulle Hom met nuwe woede aan. Immers, Abraham het dan gesterf en ook die profete. Hoe kan Hy beweer dat elkeen wat die woord van Jesus glo, die dood in der ewigheid nie sal smaak nie? Is Hy miskien groter as Abraham? Vir wie gee Hy Hom uit? Op hierdie verkleinerende verwyte antwoord Jesus dat die kernprobleem van die Jode is dat hulle die woord van die Vader nie glo nie.

---

163 1 Joh. 3: 8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.

Abraham het anders gehandel. Op die woord van God het hy uitgesien na die dag van vervulling. Toe die beloofde seun, Isak, gebore is, het Abraham die vervulling gesien en hom verbly. Daarin het hy 'n vingerwysing gesien dat God al sy beloftes sou vervul. Isak was, as die beloofde seun, die voorloper van die beloofde Messias. Abraham het hom dus by voorbaat verheug oor die Seun wat sou kom.

Die Jode is so woedend dat hulle klippe begin optel om Hom te stenig, maar Hy het stilletjies tussen hulle deurgeloop sonder dat hulle iets aan Hom kon doen en die tempel verlaat.

Genesing van die man wat blind gebore is

In hierdie tyd gaan Jesus en sy dissipels op 'n sabbat na die tempel. By een van die poorte van die tempel tref hulle 'n man aan wat van sy geboorte af blind is. Hy mag nie op die sabbat bedel nie, maar miskien sal iemand tog ongevraagd iets aan hom gee. Toe hulle hom sien, vra die dissipels vir die Here wie se sonde die oorsaak is dat hy blind gebore is, hierdie man of sy ouers. Hulle meen dat hy blind is as gevolg van 'n groot sonde wat hy of sy ouers gedoen het. Hulle kan eenvoudig nie begryp hoekom hy vir die sonde van sy ouers gestraf word nie. As hy, aan die ander kant, vir sy eie sonde boet, hoe kan dit dan wees dat hy van sy geboorte af blind is - nog voordat hy 'n groot sonde kon gedoen het?

Jesus antwoord dat nie hy of sy ouers gesondig het nie. Verder wys Jesus daarop dat siekte of lyding wel die vrug van die sonde, maar nie noodwendig die direkte straf op 'n sonde van die betrokke persoon is nie. Die werke van God moet in hierdie man openbaar word, sodat die Here verheerlik kan word.

Ons weet ook dat sommige sondes vreeslike gevolge het, maar die Here straf ons nie in dié lewe volgens ons sonde nie.[164] Die ware oordeel word nog uitgestel. In die lewe van die gelowige kom egter swaarkry en moeite om die werke van God te openbaar. By hierdie man sal dit in die besonder openbaar word, ook omdat die Here hom sal genees.

---

164 Ps. 103: 8 - 10 Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.

Die Here buk, spuug op die grond en maak klei van die spuug. Hy smeer dit aan die oë van die blinde man. Toe sê Hy vir die man om hom te gaan was in die badwater van Siloam. Die man gaan was hom daar en die wonder gebeur: hy kan vir die eerste keer in sy lewe sien!

Die Fariseërs en die blinde man

Toe die man wat vroeër blind was, tuiskom, is sy bure verwonderd en vra hom hoe hy dan siende geword het. Hy antwoord dat Jesus dit gedoen het. Toe bring hulle hom na die Fariseërs, wat hom weer vra hoe sy oë geopen is en wie dit gedoen het. Van die Fariseërs beweer dat Jesus nie van God kom nie, omdat Hy die sabbat nie hou nie. Ander sê weer dat dit duidelik 'n werk van God is. Die Fariseërs wil selfs nie glo dat die man vroeër blind was nie en laat roep sy ouers. Sy ouers getuig dat hy wel van sy geboorte af blind is. Eindelik vra hulle die man weer om te vertel hoe dit gebeur het.

Van hom word dan gevra om te bevestig dat Jesus 'n sondaar is. Hy weier om dit te doen omdat dit vir hom nie rym dat 'n sondaar die oë van 'n blinde kan open nie. Hy begin ook met groter vrymoedigheid met die Fariseërs praat en vind dit vreemd dat hulle nie weet waarvandaan 'n man kom wat die oë van 'n blinde kan open nie. Hulle moet tog weet dat God 'n sondaar nie verhoor nie, maar wel iemand wat sy wil doen.[165] Bowendien is dit in die geskiedenis van Israel onbekend dat iemand al ooit die oë van 'n blinde geopen het. Dus as Jesus nie sonder sonde is en nie deur God gestuur is nie, sou Hy 'n blindgeborene nie kan laat sien nie.

Die blinde kom tot geloof

Nou is die Fariseërs éérs regtig kwaad en ban hom uit die sinagoge. Later kry die Here Jesus hom weer en vra of hy in die Seun van God glo. Hy vra vir Jesus wie dit is sodat hy in Hom kan glo. Jesus antwoord hom dat dit Hy is wat nou met hom praat. Toe verklaar hy dat hy wel glo en hy aanbid Hom. So kom hierdie man nou ook na die Lig van die wêreld.

Die Fariseërs wat teenwoordig is, begryp goed dat Jesus hulle in gedagte het as Hy praat van die blindes. Daarom vra hulle reguit of dit sy bedoeling is. Jesus antwoord ontkennend, want as hulle blind was, sou hulle na die Lig gekom het. Maar nou gee hulle voor dat hulle siende is, daarom bly hulle in die duisternis van die sonde.

---

165 1 Joh. 2: 17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 169 - 172 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 265 - 280 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 590 - 596 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 231 - 232 p.